IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I1.10 Vol. 67 Pg. 3488-3553.

SAAKNOMMER: CC 482/85 DELMAS

1986-04-21

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. W.F. KRUGEL

PROF. W.A. JOUBERT

67

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 67

(Bladsye 3488 - 3553)

HOF HERVAT OP 21 APRIL 1986.

GERHARD JOHANNES VILJOEN, v.o.e.

MR BIZOS : My Lord, accused no. 15, Serame Jacob Hlanyane, has been taken to the doctor.

COURT : We will continue in his absence.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Brigadier, van 1984 tot nou is dit welbekend dat voorwaardes gemaak is in verband met die begrafnis van die slagoffers van die polisie-optrede en ander mense wat dood is in die onluste?

HOF : Wat presies beteken die vraag? Beteken dit dat in 1984 - ons het laas gehandel met 'n massabegrafnis. Is dit ten aansien van daardie begrafnis wat daar voorwaardes gestel is?

MNR. BIZOS : Gestel is, maar wat ek wil stel is, dat alhoewel dit nou welbekend is dat daar wel voorwaardes gemaak is, was dit nie bekend voor die 23ste nie.

HOF : 23 September 1984?

MNR. BIZOS : 23 September 1984.

HOF : Was dit nie algemeen bekend dat daar voorwaardes gestel word vir begrafnisse deur die landdros nie?

MNR. BIZOS : Deur die landdros. Dit is wat ek wil stel.

HOF : Wat sê u daarvan, brigadier? -- Dit was die eerste onlus in daardie jaar. So, dit was seker nie algemeen gebruik nie.

Was daar nie 'n onlus gewees voor hierdie, ek dink in Tomahole of êrens nie? -- Ek kan my nie herinner nie. Ek weet nie of ek kennis geneem het nie.

MNR. BIZOS : Dra u enige persoonlike kennis van watter onderhandelings daar was tussen die polisie en die familie van die oorledene wat op die 23ste begrawe was? Het u enige persoonlike kennis daarvan? -- Ek weet dat daar, as ek my korrek herinner, deur die veiligheidstak onderhandel was, maar wat die presiese onderhandelings was, weet ek nie. Ek dink, maar

... / daarvan

daarvan is ek nie seker nie, dit was dat slegs naby familie die begrafnis sou bywoon. Ek weet nie of dit reg is nie.

U het geen persoonlike kennis van wat die familie se versoek was nie? -- Ek het nie daaraan deelgeneem nie.

Of by watter kerk die begrafnis sou plaasvind nie? -- Ek weet nie. Ek was ingelig deur die veiligheidstak dat die begrafnis te die Rooms-Katolieke Kerk sou plaasvind.

Is u in staat om te erken of te ontken dat voor enige voorwaardes aan die familie bekend gemaak is, die plan deur die familie verander is omdat hulle wou gehad het dat die begrafnis by die Apostoliese Kerk moes plaasvind? -- Ek dra nie kennis nie.

Ek is jammer, nie die Apostoliese Kerk nie, die Baptiste Kerk. Dra u kennis daarvan? -- Nee.

Was daar wel skakeling tussen u en die veiligheidspolisie en die landdros wie die voorwaardes opgestel het of is u net gesê? -- Ek is net gesê dat daar voorwaardes aan die begrafnis gestel sal word. Ek glo nie ek was by 'n samespreking betrokke nie. Ek kan my nie herinner daaraan nie.

Sal u saamstem dat in hierdie omstandighede as daar nie skakeling is op die hoogste moontlike vlak nie, daar miskien 'n misverstand in die saak sal ontstaan? -- Ek was in elk geval volledig ingelig oor die voorwaardes.

U het geweet wat die voorwaardes was. Weet u of die familie of ander mense wat enige verantwoordelikheid aanvaar het in verband met die begrafnis ingelig was in verband met die voorwaardes? -- Ja, dit was my meegedeel dat hulle ingelig is en dat die voorwaardes op verskillende plekke aangeplak was.

Hoe lank voor die begrafnis is hierdie voorwaardes aan die mense gegee? Weet u? -- Nee.

Of aan watter mense hulle gegee is? -- Nee, ek weet nie.

... / Wie

Wie het aan u gesê dat die oorledene, Jacob Sithole, 'n leier in die gemeenskap was? -- Dit was die veiligheidstak. Ek was toe ook meegedeel dat probleme verwag word.

En as ek dit aan u stel dat hy nie 'n leier was nie, maar 'n gewone 24 jaar oue jong man wat lid van 'n arm familie was en hy was besig om vrugte daar te verkoop om die familie te ondersteun, wat sal u sê? -- Ek ken hom nie. Ek het geen kennis van sy agtergrond nie.

Het u geweet wat die oorsaak van sy dood was? -- Nee, ek het nie.

Het u geweet dat hy net 'n gewone lid van COSAS was? -- Nee, ek het nie geweet van watter organisasie hy lid was nie.

Het u geweet dat die plan was dat hy op die 15de begrawe moes word? -- Nee.

En die rede waarom hy nie op die 15de begrawe was nie, was omdat dit miskien nodig was om verdere nadoodse ondersoek te doen? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Het u ook nie geweet dat die bewering was dat hy met 'n T-hemp na die 3de na sekere winkels gegaan het en ongelukkig het hy die T-hemp gedra? -- Nee, ek is nie bewus van sy bewegings nie.

En die winkeliers, toe hulle die T-hemp gesien het, het uitgeroep dat hy en sy maats verantwoordelik was vir die brandstigting van hulle winkels? Dra u kennis daarvan? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Hy is deur die winkeliers gevang, veroordeel en deur hulle doodgeslaan? -- Ek weet nie. Soos ek sê, ek ken nie die agtergrond nie.

Sal u saamstem dat as dit wel die feite in verband met die omstandighede van sy dood was, die emosies van sy familie, sy vriende, sy maats, verhoog gewees het by sy

... / begrafnis

begrafnis? -- Ek sê weer dat enige begrafnis of enige dood moet emosies wek, maar mag ek net dit ook sê. Daar was 'n ander prentjie aan die saak darem ook verbonde. Daar was 'n gemeenskap wat geen deelname gehad het nie en wat derhalwe ook beskerm moes word en dan herinner ek my dat die vader van die oorledene ook nie tevrede was met die aard wat daardie begrafnis uiteindelik ingeneem het nie.

Dit is miskien so, maar stem u saam dat as persone onder hierdie omstandighede of soortgelyke omstandighede doodgemaak is, die begrafnis 'n wyer karakter aanneem? — Dit is moontlik.

Hoeveel mense, volgens die beperkings, moes daardie begrafnis bygewoon het? -- Sover ek my herinner was daar nie 'n beperking op die hoeveelheid mense nie.

Voor die begrafnis begin het by die kerk, was daar 'n helikopter in die omgewing van die kerk wat rondgevlieg het? -- Daar was 'n helikopter aangewend daardie dag. Ek weet nie presies waar sy bewegings op elke oomblik was nie. Dit is moontlik dat hy bo-oor die kerk was.

Was dit onder u beheer? -- Die helikopter was nie onder my beheer nie. Dit het wel van tyd tot tyd verslae gelewer van wat hy van bo in die lug af waargeneem het.

Is voor die 23ste 'n helikopter gebruik om traangas te versprei tussen die skare in die Vaal Driehoek? -- Ek dink dit was op die 3de gedoen.

Sal u saamstem, volgens u ondervinding dat as daar 'n helikopter op een of ander plek in die lug rondhang - ek gebruik die woord op 'n doelbewuste manier - elke pikkaniek wat op daardie oomblik in die omgewing is hardloop na daardie plek toe? -- Dit is so.

Dit trek die aandag van baie mense, party wat na die plek sou kom en nie belang sou gestel het in enige gebeurtenis

... / indien

indien die helikopter nie daar was nie? -- Dit gebeur so.

En as daar miskien 'n duisend mense na die kerk toe sou gekom het na die begrafnis, sou die teenwoordigheid van die helikopter baie meer mense se aandag sou getrek het? -- Dit is moontlik, maar toe ek by die kerk gekom het, was die helikopter nie meer daar nie.

Is u seker dat die helikopter nie dwarsdeur die begrafnis daar gebly het nie? -- Die helikopter was van tyd tot tyd in die lug. Dit was nie dwarsdeur die begrafnis by die kerk nie.

Maar dit het van tyd tot tyd by die kerk gekom gedurende die begrafnis? -- Dit het gesirkel.

Hoeveel mense was daar buite die kerk gedurende die seremonie wat binne-in die kerk plaasgevind het? Kan u onthou? -- Binne-in die kerkperseel was mense. In die perseel, nie binne-in die kerk nie.

Hoeveel mense was daar in die perseel? -- Ek weet nie. Ek skat tussen twee- en driehonderd wat buite was.

En buite die kerkperseel? -- Daar was baie mense buite die kerkperseel.

Hoeveel was daar? -- Ek weet nie. Dit was orals. Ek kan nie vir u 'n skatting maak daarvan nie, maar aan die linkerkant en die regterkant van die perseel was mense versamel. As ek moet skat, was dit seker ook hier by vyfhonderd, daar rond.

Wat het die polisie gedoen terwyl die diens aan die gang was binne-in die kerk? -- Die polisie het die kerk dopgehou. Ek het ook die mense wat daar rondom die kerk versamel was, gevra as hulle deel was van die kerkdiens, dat hulle die perseel moes binnegaan, as hulle nie deel daarvan was nie, dat hulle uiteen moes gaan.

... / Daar

Daar was geen gehoor gegee nie en die polisie het deur middel van sambokke hulle uiteen gedryf.

Is dit terwyl die diens aan die gang was? -- Dit was terwyl die diens aan die gang was.

Wat was die rede hoekom hulle deur sambokke uiteengejaag is? -- Daardie was 'n onwettige byeenkoms kragtens die Wet.

Hoeveel was hulle min of meer? Was hulle honderde of duisende? -- Nee, dit was nie duisende nie. Ek het reeds gesê volgens my skatting vyfhonderd.

En hulle het niks verder gedoen behalwe om teenwoordig te wees nie? -- Nee, hulle het geskreeu en geraas en Swartmag-tekens gegee.

Maar hulle het nie die polisie aangeval nie? -- Hulle het nie, maar as daar nie opgetree was nie, voorkomend opgetree was nie, kon hulle die polisie aanval as die skare bly aangroei.

Vir hoe lank was die diens aan die gang voor die polisie hulle uiteen gejaag het? -- Ek weet nie. Mag ek dit net stel dat daardie is voorkomende optrede binne perke van die Wet om te verhoed dat die skare al hoe meer aangroei, dat daar later aanvalle geloods word en dat daar weer opgetree moet word, wat miskien weer ongevalle tot gevolg kan hê.

Presies wat het u gesê voordat u u manne beveel het om die mense uiteen te jaag? -- Ek het vir hulle gesê as hulle deel van die kerkdiens wil hê, hulle binne-in die perseel moet ingaan anders is dit 'n onwettige byeenkoms. Ek het gewaarsku dat in terme van die Wet op Binnelandse Veiligheid daardie byeenkoms deur die Minister verbied is, dat hulle uiteen moet beweeg en indien dit nie gebeur nie, ek teen hulle sou moes optree.
Ek het 'n Swartlid versoek om ook in sy taal met hulle te praat en dit so oor te dra.

Is dit nie die gewoonte van mense wat in daardie omgewing

... / woon

woon om net toeskouers te wees by 'n gebeurtenis nie? -- Dit is moontlik so, maar ek het reeds die rede vir die optrede gegee. Indien hulle dan slegs toeskouers was, dan was dit mos duidelik aan hulle oorgedra wat die polisie sou doen, maar desnieteenstaande het hulle kort-kort teruggekeer en moes daar by herhaling opgetree word.

Hoeveel manne het u daar buite die kerk gehad? -- Ek kan nie die getalle onthou nie, maar daar was nie baie manne by die kerk nie. Ek dink daar was uiters veertien tot twintig toe.

Na die mense uiteen gejaag is deur sambokke, wat het hulle gedoen? -- Hulle was 'n rukkie weg en dan kom hulle weer terug.

Wat het u dan gedoen? -- Dan was daar weer 'n optrede.

Met sambokke? -- Ja, net met sambokke.

Hoeveel keer is die mense met sambokke uiteen gejaag? -- Ek het nie getel nie. Dit is 'n hele paar keer.

Was daar enige mense met kameras daar? -- Daar was seker, ek weet nie.

Enige mense onder u beheer wat kameras gehad het? -- Daar was kameramanne onder my beheer.

Het om foto's te neem om 'n rolprent te neem? -- Ek het nie 'n rolprentkamera gehad nie.

Was daar ander mense met rolprentkameras daar? -- Sover ek weet nie. Dit is moontlik dat daar mense was.

U het vir ons die twee begrafnisse as voorbeelde gegee dat daar 'n optrede teen die mense was na die begrafnis? -- Dit is so.

Die rede waarom ek van u al die detail vra is dit, stem u nie saam dat as mense geslaan word, uitgejaag word ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

MNR. JACOBS : Hier is geen getuienis dat mense uitgejaag is

... / nie

nie. Hulle is uiteen gejaag.

HOF : Uitmekaar gejaag? -

MNR. BIZOS : Uitmekaar gejaag. By 'n begrafnis die uitmekaar jaag moontlik 'n groter aanhitsing is as toesprake en slagspreuke? -- Die gedrag van die skare het nie in intensiteit toegeneem of enigsins verander wat dit was voor optrede deur die polisie en daarna nie. Dit mag seer sekerlik 'n uitwerking hê. Ek weet nie.

Hoeveel mense sal u sê was met sambokke geslaan deur u manne terwyl die diens aan die gang was? -- Nee, ek weet nie. (10)
Dit is baie moeilik om te sê.

Kan u vir ons sê op watter deel van hulle liggaam hulle deur die sambokke geslaan was? -- Nee, ek weet nie. Seker oral op die liggaam.

Insluitende die kop? -- Dit is moontlik.

Het u oorweeg op die 23ste om nie geweld te gebruik nie omdat as geweld gebruik is dan is verder teengeweld moontlik? -- Ek verstaan die vraag nie baie mooi nie. Ek wil egter dit konstateer dat geweld nie gebruik is tensy dit deur die skare genoodsaak is nie. (20)

Het u probeer om die mense buite die kerk te oorreed dat daar 'n begrafnis aan die gang is en sal hulle asseblief probeer om stil te bly? -- Ek het verskeie kere met die mense gepraat. Ek het verskeie kere vir die Swartlid gesê om die boodskap oor te dra dat as hulle nie deel aan die diens het nie, hulle onwettig is en uiteen moes gaan. Dit was by herhaling gedoen.

Weet u of die priester wat besig was binne-in die kerk van die voorwaardes kennis gedra het of nie? -- Ek weet nie. Ek weet net dat my meegedeel is dat die voorwaardes versprei is, soos dit volgens die Wet versprei moes wees. (30)

U het byvoorbeeld gesê dit was die Anglikaanse Kerk. U

... / weet

weet nie of dit die Anglikaanse Kerk of die Baptiste Kerk was nie? -- Volgens my kennis, wat my meegedeel was, was dit die Anglikaanse Kerk. Ek ken nie al die kerke nie. Ek het aanvaar dat dit wel die Anglikaanse Kerk was.

Het u aan enige persoon gesê dat volgens u inligting die begrafnis in die verkeerde kerk gehou is in stryd met die verbod? -- As ek reg onthou het ek die verbod aan van - ek kan nie onthou watter predikant dit was nie - dit skriftelik weer by die kerk aan hom voorgehou.

In elk geval, alhoewel u geweet het dat dit teen die verbod was, het u geen stappe geneem nie? -- Ek sal nie tydens 'n begrafnis stappe neem nie.

Kan u onthou of die helikopter daar was toe die mense uit die kerk gekom het? -- Nee.

Kan u onthou dat daar 'n aantal busse en huurmotors was om mense van die kerk af weg te neem? -- Daar was. Ek vermoed dat die busse en die huurmotors gereël was nadat ek die waarskuwing voorgehou het, want ek moes 'n geruime tyd daar wag voordat dit opgedaag het. Dit was nie by die kerk nie. Dit het later eers gekom.

Ons het van T-hemde gehoor. Sal u saamstem dat die foto's wat u ingehandig het 'n idee gee van die hoeveelheid mense wat verskillende T-hemde gedra het? -- Ek het nie opgelet of daar T-hemde op die foto's was nie, behalwe die geel T-hemp waarna ek spesifiek verwys het.

Sal u saamstem dat dit 'n baie, baie klein minderheid is wat verskillende T-hemde dra? -- Dit was so.

Hoe lank het dit geneem om van die kerk na die begraafplaas te gaan? -- Ek kan nie skat nie, maar dit het taamlik lank gevat. Dit is 'n redelike roete.

Hoeveel manne was daar by die begraafplaas?

HOF : Manne of mense?

MNR. BIZOS : Mense. Jammer, hoeveel van u manne was by die begraaplaas?

HOF : Polisiemanne?

MNR. BIZOS : Polisiemanne.--Ek dink daar was 340.

En hoeveel mense was daar? -- Ek het geskat tussen 1000 en 1500 mense.

'n Verhouding van een polisieman vir elke vier tot vyf mense? -- Korrek.

Het die polisie al die mense omring by die begraafplaas? -- Die voertuie was geparkeer totdat die begrafnis afgehandel was. Toe is 'n omsingelingsbeweging uitgevoer.

Kan u onthou wie in beheer van dit wat daar by die begraafplaas aangegaan het was? -- Voordat ek by die begraafplaas gekom het, was majoor Jordaan in beheer. Hy moes ook die plan uitwerk van hoe die voertuie na die begrafnis geplaas moes word en daarna was ek self in beheer.

Was dit voorheen besluit hoe u by die begraafplaas sou optree? -- Deur hom was dit besluit en hy het dit aan my oorgedra.

Het die polisie rondgestaan terwyl die begrafnis van die oorledene plaasgevind het? -- Hulle het rondgestaan in die omgewing.

Kan u onthou of daar enige toesprake was? -- By die begrafnis - daar was toesprake.

Kan u onthou hoeveel? -- Nee.

Of wie die toesprake gelewer het? -- Ek weet nie.

Of wat die inhoud van die toesprake was? -- Nee, ek weet nie wat die inhoud van die toesprake was nie.

Waar was die voertuie wat die mense daarheen gebring het? -- Daar het busse geparkeer gestaan en ook ander voertuie

... / op

op 'n teergedeelte.

Is die busse en die huurmotors en die privaat motors wat binne-in die begraafplaas was ook omring deur die polisie? -- Hulle was binne die sirkel.

Wat was die rede daarvoor? -- Die rede vir die omsingeling was om 'n arrestasie uit te voer.

Van al die persone wat op die begrafnis was? -- Soveel as moontlik, soveel as wat die polisie kon arresteer.

Op watter aanklag? -- Op die aanklag onder die Wet op Binnelandse Veiligheid, dat die voorwaardes verbonde aan die begrafnis nie nagekom is nie.

Op watter voorwaardes? -- Die voorwaardes wat begin het dat die diens by 'n sekere kerk gehou moes word; dat daar nie te voet beweeg moes word na en van die kerk af na die begraafplaas toe nie; dat daar nie opruiende liedere in die kerk gesing moes word nie.

Wat nog? -- Ek kan nie dink aan meer voorwaardes nie.

Hierdie is net drie voorwaardes? -- Ek dink daar was meer voorwaardes.

Maar sal u nie toegee dat daar miskien tussen daardie duisend of so mense wat die begrafnis bygewoon het, dat een of ander van hulle nie van die beperkings geweet het dat dit by 'n sekere kerk moes plaasvind nie? -- Dit is moontlik. Dit staan egter 'n persoon vry om hom in 'n hof te verdedig dan.

Ek het gedink daar moet eers getuienis wees om iemand te arresteer, dat hy wel 'n oortreding gepleeg het? -- Daar was volgens my waarneming voldoende getuienis dat die algemene verbodsbepalings algemeen deur die hele groep oortree was.

Sal u saamstem dat daar mense by die begraafplaas was wat miskien nie in die kerk was nie? -- Dit is moontlik.

Sal u toegee dat daar mense was wat nie te voet na die

... / begraafplaas

begraafplaas gestap het nie, maar in busse of huurmotors of voertuie was? -- Daar was. Die opruiende gedrag was egter uit busse, voertuie en huurmotors voortgesit. Slagspreuke was geskreeu en alles.

Alhoewel sekere van die mense miskien slagspreuke geskreeu het en liedere gesing het, moes daar seer sekerlik ander mense gewees het wat by die begrafnis was wat nie slagspreuke geskreeu en liedere gesing het nie? -- Ek kan dit nie sê nie.

Maar waarom is almal omsingel en was daar 'n poging om almal te arresteer? -- Daar was 'n algemene deurlopende verbreking van die verbodsbepalings deur die groep of skare teenwoordig.

Was daar ook 'n ander begrafnis wat terselfdertyd plaasgevind het? -- Ek kan nie onthou nie. Ek kan nie een plaas nie. Dit is wel moontlik. Daar word baie begrafnisse gehou.

Is u in staat om te erken of te ontken dat party mense wat by die ander begrafnis was ook omsingel was en gearresteer was? -- Nee, ons het nie - daardie betrokke begrafnis, as ek my korrek herinner, was omsingel en daar was nie ander mense binne daardie kring nie.

Wanneer het u besluit om die mense wat by die begrafnis was te omsingel? -- Dit was nadat ek kon merk dat die begrafnis afgehandel is, dat die graf toegegooi was.

Nee, wanneer is die besluit geneem om dit te doen? -- Die besluit is geneem toe al hierdie verbodsbepalings oortree is.

Wanneer is die besluit geneem? Het u die besluit geneem toe die mense nog by die huis was of by die kerk of by die begrafnis? -- Toe die mense by die kerk was.

So, u het besluit u sou almal wat by die begrafnis was omsingel en arresteer voordat hulle by die begraafplaas gekom het?

HOF : Nee, wil u aan die getuie stel dat hy die besluit geneem het voordat die mense by die begraafplaas was of dat hulle omsingel en gearresteer moet word voordat hulle by die begraafplaas is?

MNR. BIZOS : Nee, was die besluit geneem om die mense te omsingel en te arresteer voor u na die begraafplaas gegaan het? -- Die besluit was geneem. Dit sou egter afhang van die verdere gedrag van die skare op pad na die begraafplaas en tydens die begrafnis.

Wanneer het u uiteindelik die besluit geneem om die mense te omsingel en te arresteer? -- Toe hierdie bepalings na die kerkdiens nog steeds geïgnoreer is, het ek besluit dat ek gaan wel die arrestasie uitvoer.

As ek dit aan u stel dat die grootste meerderheid van die mense wat daar was, het nie eers geweet van enige voorwaardes in verband met die begrafnis voor hulle omsingel en gearresteer was, wat sal u sê? -- Dit is moeilik te verstaan, want ek het vir die predikant weer gevra om billik te wees. Hy moet asseblief die verbodsbepalings in die kerk weer afkondig.

Weet u of dit gedoen was of nie? -- Ek weet nie.

Ons het die getuienis van die predikant gehad, dit is Lord McCamel en hy het gesê dat u hom gevra het dat mense moet nie opruiende toesprake maak nie? -- Ek het die hele verbodsbepaling aan hom voorgehou, alles wat daarmee saamgaan.

Weet u of die lede van die oorledene se familie ook gearresteer was? -- Ek weet nie.

Het party van die mense wat by die begraafplaas was alreeds in die busse en die huurmotors gesit toe die polisie hulle omsingel het? -- Nee, dit was onmiddellik na hulle begin beweeg het en tydens optrede het van hulle na die busse toe gehardloop.

... / Is

Is die vensters van die huurmotors deur die polisie stukkend geslaan om mense uit die busse te kry?

HOF : Die vensters van die huurmotors om die mense uit die busse te kry? Is die vensters stukkend geslaan van die huurmotors of van die busse?

MNR. BIZOS : Van die busse om mense uit die busse te kry? -- Ek weet nie. Ek kan my nie herinner dat dit stukkend geslaan was nie.

Is u in staat om dit te ontken? -- Ek kan nie. Mag ek dit stel, dan kan ons miskien duidelikheid kry oor die optrede. Daar was ŉ absolute chaos en ek kon alles onmoontlik nie waarneem nie. Daar was mense wat heen en weer gehardloop het, geskreeu het, daar was ŉ groot geraas. Dit was vir my onmoontlik om elke gebeure waar te neem. Dit was baie vinnig afgehandel en om dit nou in herinnering terug te roep, is baie moeilik.

Was daar iets wat as ŉ polisiebus beskryf kan word? Dit is ŉ polisievoertuig wat soos ŉ bus lyk? -- Ons het ŉ bus gebruik deur die tyd, ŉ geel bus. Ek kan egter nie vir my herinner of die spesifieke voertuig op daardie dag daar was nie.

Het u langs die bus gestaan? -- Ek het reeds gesê, ek het nie meer ŉ volledige prentjie van wat daar gebeur het nie.

Het u terwyl u daar gestaan het geskreeu "Slaan die Kaffers, donner die Kaffers"? -- Nee, definitief nie.

Is daar toilette in die omgewing? -- Daar is, ja.

Het u ooit naby aan daardie toilette gegaan? -- Ek weet nie.

Kan u onthou of mense binne-in die toilette te skuil? -- Mense het oral heen weggehardloop. Dit is baie moontlik.

Kan u onthou wat die houding van die polisie teenoor die huurmotorbestuurders was? -- Nee, ek weet net dat na die

... / arrestasie

arrestasie het ek die sleutels van die huurmotors gekry het, ek weet nie meer waar nie en dit aan die huurmotorbestuurders oorhandig het en gesê het dat hulle kan gaan.

Het dit ook gebeur met die mense wat met privaat voertuie daar gekom het? -- Ek weet nie. Ek kan onthou dat ek met die huurmotors gehandel het.

As ek dit aan u stel dat die bestuurders van die busse, die bestuurders van die huurmotors en die bestuurders van privaat voertuie vrygelaat is, wat was die rede, waarom moes 'n privaat voertuig eienaar vrygelaat word en 'n jong man en vrou of 'n ou man en vrou wat nie 'n privaat voertuig gehad het nie, gearresteer word? -- Ek kan my nie herinner of daar privaat voertuie was nie.

Was net sambokke gebruik of ander geweld ook? -- Ek het reeds gesê daar was traanrook en rubberpatrone gebruik en sambokke.

Het party mense terwyl die geweld deur die polisie toegepas was weggehardloop? -- Daar het sekerlik mense weggehardloop.

En het die polisie geglo dat van die mense binne-in die huise in die omgewing geskuil het? -- Ek weet nie.

Weet u dat u manne van huis tot huis in die omgewing gegaan het om mense te soek wat hulle van mening was by die begrafnis teenwoordig was? -- Nee, daar was nie huis tot huis deursoeking nie.

U sal seker nie kennis dra van hoe party van u manne by die huise opgetree het nie? -- Daar was nie 'n huis tot huis deursoeking nie. Wat kon gebeur het is dat iemand 'n persoon jaag tot by 'n huis, maar hoe hulle daar opgetree het sou ek nie kon sien as dit gebeur het nie.

U weet ook seker nie of elkeen van u manne op 'n wettige of onwettige manier opgetree het terwyl hulle probeer het om

... / al

al die mense te arresteer nie? -- Ek sal nie weet nie.

Of hulle onwettige geweld gebruik het om hulle te arresteer nie? -- Ek weet nie.

Kan u onthou dat beskuldigde nr. 1 na u toe gebring is? -- Ek weet dat hy na my gebring is of dat ek by hulle afgekom het waar die veiligheidsmense met hom gepraat het. Ek weet egter nie presies wat daar gebeur het nie.

Kan u onthou dat by die veiligheidspolisie 'n sekere sersant Mpondo was? -- Nee.

Was daar wel 'n Swartlid van die veiligheidspolisie daar? -- Ek dink so.

En 'n sersant Sales van Vereeniging? -- Dit is seker. Ek kan my nie presies herinner wie daar was nie. Ek weet daar was 'n veiligheidslid.

En adjudant-offisier Bezuidenhout van Krugersdorp? -- Nee, ek weet nie.

Is hy in u teenwoordigheid ondervra deur een of ander van die mense? -- Ek kan my herinner dat hulle vir my gesê het hy kom van Soweto af. Of ek by gestaan het tydens ondervraging, kan ek nie meer onthou nie. Ek moes baie dinge doen op daardie dag.

En as daar wel ondervraging was, kan u nie sê waaroor dit was nie? -- Nee, ek weet werklik nie.

Kan u onthou hoeveel mense gearresteer was? -- Dit was 537 mense.

Wat het van daardie saak geword? -- Daardie saak is ondersoek en ek weet nie of al die mense 'n erkenning van skuld betaal het nie, maar die meeste van hulle volgens my kennis het wel erkenning van skuld van as ek reg onthou, R30,00 betaal.

En dié wat gesê het hulle onskuldig was en die erkenning

... / van

van skuld betaal het, wat het van hulle geword? -- Ek weet nie. Ek was nie by die hof om getuienis te gee nie.

Waarom sê u die meerderheid het erkenning van skuld betaal? Weet u of weet u nie hoeveel van hulle erkenning van skuld betaal het nie? -- Ek weet nie. Dit was aan my oorgedra dat die meerderheid ʼn erkenning van skuld betaal het.

Wie het dit aan u meegedeel? -- Ek kan nie onthou nie.

U kan nie sê of dit reg of verkeerd is dat die meerderheid erkenning van skuld betaal het nie? -- Ek kan nie sê nie.

Sal u miskien saamstem dat die skade aan menseverhoudings tussen die polisie en die mense van die Vaal Driehoek as gevolg van u optrede op die 15de en die 23ste ongelukkig vererger was? -- Ek kan nie heeltemal saamstem nie. Weer eens, daar is vreedsame persone in die gebied. Daar was dikwels deur die tyd wat ek daar werk of gewerk het deur baie mense van die publiek aan my gesê die polisie doen niks aan die mense wat hulle lewe verontrief nie en dat strenger opgetree moes word en aan die ander hand, het ek as polisiebeampte seer sekerlik ʼn plig om wet en orde te probeer handhaaf en lewe en eiendom te probeer beskerm. Optrede in die beskerming daarvan sal seer sekerlik ʼn gedeelte van die publiek antagoniseer, maar nie die hele totale publiek nie.

Weet u van enige ernstige manier om persone te antagoniseer as hulle voel dat hulle niks verkeerd gedoen het nie, maar hulle is omsingel, geslaan, geskiet, gearresteer omdat hulle, volgens hulle eie mening, en dié van die gemeenskap ʼn begrafnis bygewoon het? -- Ek weet nie.

Wanneer het u die foto's vir die heel eerste keer gesien?

HOF: Die foto's se nommers is?

MNR. BIZOS : AAU(1) TOT (5)? -- Ek het ʼn reeks foto's waaronder daardie was lankal gesien. Ek kan nie onthou watter

... / maand

maand nie, maar hierdie foto's wat u nou ter hand het, is op die 14de aan my getoon.

Die 14de? -- 14 April.

U het hulle nie voorheen gesien nie? -- Nee, ek weet nie of ek presies daardie gesien het nie, maar ek het baie foto's voorheen gesien.

HOF : 14 April 1986? -- 1986.

MNR. BIZOS : Toe u hiernatoe gekom het om getuienis te gee? -- Ja, korrek.

U het gesê dat volgens u mening beskuldigde nr. 1 opruiend was? -- Korrek.

Weet u wat hy besig was om te sê of te skreeu toe hy afgeneem is soos op BEWYSSTUKKE AAU(1) EN (2) voorkom? -- Ek kan uit die aard van die saak nie sê wat hy hier gesê of geskreeu het nie. Ek weet nie.

Het jong mense daar slagspreuke geskreeu? -- Ja, baie.

En is geen toespraak by die begraafplaas gemaak nie? -- Ek weet nie.

Weet u of die veiligheidspolisie wat hom gearresteer het hom voorheen gesoek het of nie? -- Nee, ek weet nie.

Het u enige opdrag gegee dat die persoon gearresteer moet word of hoe het dit gebeur dat hy gearresteer is en na u gebring is? -- Ek het by die begraafplaas geen opdrag gegee nie.

Of op enige ander plek? -- By die kerk met die voorstaan die persoon met die spesifieke hemp baie oproerig en bedrywig was en dat ek op 'n stadium toe hy buite die kerk was, twee manne aangesê het om hom te probeer in die hande kry, dat hy toe saam met ander mense, toe die polisie hulle nader, binne-in die kerk in is en ek dit daar gelaat het.

Voor u hom in hegtenis gesien het, het hy enige beserings gehad? -- Ek kan nie onthou nie.

... / Beskuldigde

Beskuldigde nr. 1 sal sê dat hy met 'n sambok geslaan is tydens sy arrestasie. U is nie in staat om dit te erken of te ontken nie? -- Dit is seker moontlik. Ek weet nie.

Maar hy sal aan die Hof sê dat u persoonlik hom op die bors geskop het terwyl hy in hegtenis was? -- Nee, daarvan weet ek nie. Ek kan dit nie onthou nie.

Verstaan u wat u gesê het? -- Ek verstaan dit.

Verstaan u dat toe ek aan u gestel het dat u persoonlik beskuldigde nr. 1 op die bors geskop het terwyl hy in hegtenis was, u antwoord was dat u nie kan onthou nie? -- Mag ek op hierdie stadium sê dat ek het reeds gesê ek kan nie alles onthou nie. Ek sal dan ook, as dit u goedkeuring wegdra op hierdie stadium van my reg gebruik maak om moontlik inkriminerende vrae nie te antwoord nie. Ek kan hierdie voorvalle net nie goed in herinnering plaas nie en ek kan miskien gekoppel word aan iets waarvan ek nie bewus is nie.

Laat ek u goed verstaan, dat u getuienis is dat u voel soos u daar staan dat u as u op 'n eerlike manier by vrae in hierdie verband antwoord, uself miskien sal inkrimineer? -- Ek weet nie. Ek kan nie meer daardie - ek het reeds gesê dit was baie vinnig. Dit was deurmekaar en ek is baie eerlik as ek vir u sê dat ek so 'n voorval nie in herinnering kan plaas nie.

Maar om 'n persoon wat in hegtenis is op die bors te skop ... (Hof kom tussenbei)

<u>HOF</u> : Bedoel u terwyl hy regop staan? Of terwyl hy lê?

<u>MNR. BIZOS</u> : Hy was op sy hurke. -- Ek moes dit onthou, maar ek het geen so 'n herinnering nie.

Dit sou so 'n buitengewone - ek sou so hoop,- gebeurtenis gewees het vir 'n kolonel om 'n persoon wat in hegtenis is op die bors te skop, dat ek nie u antwoord kan verstaan

... / wanneer

wanneer u sê dat u dit nie kan onthou nie? -- Ek kan nie so 'n voorval in herinnering roep nie.

U kan dit nie in alle eerlikheid ontken nie? -- Ek kan dit nie erken of ontken nie.

Ek wil net vir u sê, toe ek van die bewering van beskuldigde nr. 1 gehoor het, het ek twyfel gehad of dit waar is of nie, omdat 'n kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisie - ek kan nie glo dat hy so optree nie en u sê dat dit wel mag gebeur het, u kan dit nie onthou nie? -- Ek het baie sterk twyfel.

U antwoord is van so 'n aard dat u nie beskuldigde nr. 1 se weergawe kan ontken nie? -- Ek weet nie. Ek het dit reeds gesê.

As dit wel waar is soos wat beskuldigde nr. 1 sê, het dit in die teenwoordigheid van u juniors plaasgevind, nie waar nie? -- As dit waar sou wees, ja.

Wat se soort voorbeeld is dit vir 'n kolonel om voor sy juniors mense op die bors te skop, terwyl hulle in hegtenis is? -- Ek weet nie of dit gebeur het nie.

Ja, maar ek sou verwag dat as dit nie gebeur het nie, sou u dit onmiddellik ontken het? -- Weer eens, ek kan daardie gebeure nie in herinnering roep nie en ek wil geen onwaarheid aan die Hof vertel nie.

En u was van mening as u dit ontken het, sou dit miskien nie die waarheid gewees het nie? -- Ek weet nie.

U sien, ek wil dit aan u stel dat u manne op die 15de en die 23ste op 'n heeltemal ongedissiplineerde manier opgetree het? -- Ek het reeds gesê daar was 'n algehele verwarring wat daar geheers het.

K210 Weet u hoeveel van die mense wat gearresteer was op die 23ste beserings gehad het? -- Ek weet nie. Seker baie van hulle.

... / Weet

Weet u dat iemand met 'n mes gesteek is terwyl - 'n persoon wat die begrafnis bygewoon het met 'n mes gesteek was? -- Nee.

HOF : Met 'n mes gesteek deur wie?

MNR. BIZOS : Ek sal daarby kom. Weet u dat 'n persoon met 'n mes gesteek is wat die begrafnis bygewoon het? -- Nee.

HOF : Een van die begrafnisgangers?

MNR.BIZOS : Een van die begrafnisgangers met die mes gesteek is?

HOF : Nie 'n polisieman nie, 'n begrafnisganger?

MNR. BIZOS : 'n Begrafnisganger? -- Nee, ek weet nie.

Het dit tot u kennis gekom dat een van u manne in besit van 'n mes was wat bloed opgehad het? -- Nee.

En dat hy gesê het terwyl hy besig was om die mes skoon te maak dat hy iemand gesteek het en hy sal seker vrek waar hy gelaat was? -- Nee, dit was definitief nie die geval nie.

U kan nie sê dat dit nie die geval was nie. U kan net sê dat dit nie tot u kennis gekom het nie? -- Korrek.

Weet u hoeveel mense deur rubberkoeëls op die 15de getref is? -- Nee.

Weet u hoeveel mense op die 23ste deur rubberkoeëls getref is? -- Nee, ek weet nie.

Het u of enige ander polisiebeampte aan die hospitale en klinieke gesê dat as iemand met enige beserings na die hospitaal of die kliniek kom, die polisie in kennis gestel moet word sodat hy gearresteer kan word? -- Ek het nie.

Dra u enige kennis of iemand anders so gesê het? -- Nee, ek weet nie.

U was mos in bevel van die polisie in die Vaal Driehoek van die 3de af? -- Nee.

Wie was die persoon in bevel? -- Ek was in die bevel van die bekamping van onluste. Daar is 'n distrikskommandant

wat in bevel is oor die polisie. Daar is 'n speuroffisier wat in bevel is oor speurders en wat ondersoeke doen.

HOF : Die distrikskommandant is nie oor die speurders nie? -- Nee.

Die distrikskommandant is oor die uniformpolisie en oor - die distrikspeurder is oor die speurders en u is in bevel van onlusbekamping? -- Ja en dan was daar natuurlik ook die distriksbevelvoerder van die veiligheidspolisie.

MNR. BIZOS : Op die 23ste het party van die polisie wat nie onder u bevel was nie, ook deelgeneem in die polisie-optrede? -- Nie sover ek weet nie.

Ek weet nie hoe om dit in Afrikaans te beskryf nie, maar weet u van sekere Swartpersone wat hulle hare in "dreadlocks" dra? Ek het nie geweet wat dit is voor hierdie saak nie. It is like plats, little plats.

HOF : Klein dun vlegseltjies.

MNR. BIZOS : Vlegseltjies, ja. -- Ek het dit al gesien.

HOF : U noem dit "dreadlocks?" Why is is called dreadlocks? May be it is difficult to make.

MR BIZOS : It may be an illusion to Samson. Daar is 'n groep wat hulleself die Rastafarions noem? -- Ek weet van die groep.

HOF : Is die Rastafarions die mense met die vlegseltjies?

MNR. BIZOS : Nie alleen nie, maar die Rastafarions dra hulle hare so.

HOF : Is dit 'n godsdienstige groep? -- My inligting is dat hulle seker 'n godsdienstige groep is.

MNR. BIZOS : Was daar een van u manne met 'n groot mes by die begrafnis van die 23ste wat besig was om die hare van sulke mense af te sny? -- Nie wat ek gesien het nie.

HOF : Teen vergoeding?

... / MNR. BIZOS

MNR. BIZOS : As 'n straf. -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Sou u so 'n gedissiplineerde lid van die Mag beskou? -- Nee, dit sou nie moes gebeur het nie.

HOF : Is dit nou na die begrafnis of tydens arrestasie of toe die begrafnis aan die gang was?

MNR. BIZOS : Tydens die arrestasie. Ek wil ook sekere verdere voorbeelde aan u stel van ongedissiplineerde optrede van lede van u Mag wat wel op die 15de plaasgevind het. U kan onthou dat ek aan u gestel het dat u die laaste drie busse uitgekies of uitgesonder het vir die polisie-optrede. Kan u dit onthou? -- Ja.

Ek wil dit aan u stel dat ek verkeerd in hierdie stelling. Daar was ander busse na hierdie busse wat weggedraai het en met 'n ander pad gery het. Hierdie drie busse was nie die laaste wat die begraafplaas verlaat het nie. Daar was ander busse wat 'n ander roete geneem het toe hulle gesien het wat u besig was om te doen met die drie busse. Kan u onthou of daar ander busse na die drie busse was wat weggedraai het? -- Ek weet nie. Ek kan onthou dat ek direk met my voertuie agter daardie drie busse ingetrek het en dat daar later nie busse met daardie roete verbygekom het nie. Dit is hoe ek dit in herinnering het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

GERHARD JOHANNES VILJOEN, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Brigadier, sal u saamstem dat as 'n polisiebeampte wat so 'n groot aantal manne onder sy beheer het soos wat u gehad het op die 15de en die 23ste, busse vol mense wil arresteer, die maklikste manier sou wees om 'n paar manne te beveel om die bus te stop en drie of vier van hulle in die bus te gaan en te sê

... / "Mense

"Mense, julle is onder arres en julle moet asseblief daar bly sit"? -- Onder normale omstandighede, ja.

Stem u saam dat van u manne in groepe van vier of vyf binne-in die busse gegaan het? -- Daar het van hulle in die busse gegaan.

Wat was hulle instruksies om te doen? -- Ek het geen vooraf instruksies gegee nie. Ek het gesê die gebied word kordon word en die mense moet arresteer word. Ek het nie gesê hoe nie.

Op watter aanklag? -- Van watter busse praat u nou?

Van die 15de? -- Op 'n aanklag van openbare geweld, uitlokking tot openbare geweld.

Omdat hulle wat gedoen het? Openbare geweld, dat hulle wat gedoen het? Wat was die bewering? -- Ek het aan die bevelvoerder wat daar was, majoor Louw gesê dat die volgende drie busse gestop moet word, die persone arresteer moet word weens uitlokking tot openbare geweld, aangesien die mense wat van die begrafnis af weg op pad was, deur hulle uitgelok was om weer saam te kom en aangesien daar ook klippe na die polisievoertuie gegooi was.

Die mense wat in die busse was het nie klippe gegooi nie? -- Nee, maar weens hulle gedrag was my afleiding, is daar klippe gegooi en het mense wat op pad was om weg te beweeg weer 'n groep gevorm.

Nie omdat die mense die busse oorgeneem het nie? -- Nee, die oorname van die busse en die gedrag daar het ek beoordeel en ook die gedrag verder, toe ek die busse gevolg het.

Het u die insittendes van die busse as persone beskou wat die busse op 'n onwettige manier oorgeneem het? -- Nie gekaap of oorgeneem het nie.

Wat het u gesê die ouderdom van die mense was? -- Ek het

... / gesê

gesê volgens my skatting tussen 16 en 26 of 24.

Weet u hoe u manne na die eerste bus toe gegaan het en vir die mense gesê het dat hulle onder arres is? -- Nee, ek weet nie.

Moes hy dit gesê het? -- Hy moes seker, maar op daardie stadium was daar reeds klippe gegooi en daar was 'n algemene verwarring.

As ons op u eie weergawe van die feite nou aangaan, as daar vier of vyf manne in die eerste bus was, was hulle nie in gevaar van klippe nie, was hulle? -- Ek het reeds die toestand probeer skets. Dit was nie 'n normale toestand nie. Ek het mense in die busse gesien, ek het mense buite die busse gesien. Dit was 'n heen en weer hardlopery.

Ek wil dit aan u stel dat by die eerste bus wat gestop is, daar 'n sekere mnre. Thabang Mabathoana in was en hy is 'n 45-jarige man. -- Dit is moontlik.

My Lord, I understand he is in court. Het u daardie man daar gesien? -- Ek kan nie onthou dat ek hom gesien het nie.

Hy het daardie bus gehuur van die VCA - VTC - Vaal Transport Corporation? -- Ek weet nie of hy die bus gehuur het nie.

Hy het probeer bewys toon dat hy die bus gehuur het? -- Daarvan weet ek nie.

En dat u manne nie in sy weergawe geïnteresseerd was nie en hulle was besig om mense met die sambokke te slaan? — Ek weet nie wat die toestand was met die meneer nie.

Toe het hy probeer verduidelik dat hy 'n vreedsame man was wat die bus gehuur het om sy mense na die begrafnis te bring? -- Ek weet nie van daardie verduideliking nie.

Hy is deur of met die vuis geslaan deur verskillende van u manne? -- Nee, daarvan weet ek nie.

En hy het baie belang gestel in die begrafnis? -- Ek weet

.../ nie

nie.

Omdat sy suster een van die oorledenes was? -- Ek weet nie.

As die feite wel is soos ek dit aan u gestel het en ook dat hy sal sê en ander mense dat daar geen klipgooiery op daardie stadium was nie, sal u sê dat die polisie se optrede heeltemal onwettig was? -- Daar was klipgooiery. Daar is geen twyfel aan nie. Ek het gister getuig dat ek op 'n stadium byna raakgegooi was. As iemand nie vir my geskreeu het om te koes nie, sou daardie klip my seer sekerlik getref het. Ek wil ook noem dat al die ruite - ek het nie getel nie en sal dit derhalwe kwalifiseer en sê feitlik alle ruite van daardie busse nadat dit vertrek het, was uitgedruk, uitgeskop of uitgetrap.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Het hulle min of meer heel gelê daar? -- Nee, daar het baie stukke op die pad gelê.

MNR. BIZOS : Wanneer was daardie vensters gebreek en uitgeskop? -- Dit was kort nadat die busse van die begraafplaasperseel weggetrek het.

Terwyl mense alreeds in die busse was of nog voor enige mense in die busse geklim het? -- Terwyl die busse beweeg en die passasiers binne-in die busse was.

As u getuienis nou reg is, was die insittendes in die busse die slagoffers van die klipgooiery?

HOF : Hoe bedoel u nou? Die ruite is van binne na buite toe uitgestamp. -- Ja, dit is wat ek bedoel. Die ruite is van binne na buite deur die insittendes uitgestamp.

MNR. BIZOS : Ja, maar die vraag was, wanneer was klippe gegooi na die busse?

MNR. JACOBS : Daar was nie so 'n vraag voorheen nie. Die vraag was eintlik anders gewees.

HOF : Die klip het byna die getuie getref.

... / MNR. BIZOS

MNR. BIZOS : Was klippe ooit na die busse gegooi? -- Sover my kennis strek. Dit kon gebeur het terwyl die busse in die midde van die kordon polisiemanne gestaan het.

Ek wil dit aan u stel dat die insittendes in die busse nie deel van enige optog was nie. Hulle het net gehoop om huis toe te gaan met die busse. -- Ek het getuig wat die gedrag van die persone in die busse was en ek hou daarby. Ek kan nie verstaan hoe die vensters dan gebreek en uitgetrap is nie.

Sou dit nodig gewees het onder die omstandighede vir enige lid van die polisie om die ruite van die busse te breek met sambokke van buite af? -- Ek kan nie vir u sê of dit wel gedoen is nie. Ek weet nie.

As dit wel gedoen is? -- Dit was moontlik nodig. Ons moes beheer uitoefen oor mense te midde van 'n aanval en ons moes seker die mense uit die busse kry. Dit is moontlik.

Kan u sê of daar enige kinders binne-in die busse was? 15 Jaar oud en jonger? -- Dit is seker moontlik. Baie mense lyk groot terwyl hulle nog jonk is.

Het enige persoon onder u bevel wat die arrestasie beveel het probeer uitvind van die mense wat gearresteer was hoe dit gekom het dat hulle in die busse was? -- Nee, ek weet nie. Ek persoonlik het nie.

Het u geen bevel gegee nie? -- Ek het bevel gegee dat 'n arrestasie uitgevoer word.

Het u bevel gegee om verklarings van mense in hierdie moeilike omstandighede te neem en te sorteer om uit te vind of daar nie miskien onskuldige mense in hegtenis geneem is nie? -- Daar was ondersoekspanne saamgestel. Die gearresteerdes is deur die loop van tyd na die polisiestasie vervoer waar ondersoekspanne onmiddellik die ondersoek moes begin.

Was daar 'n dokter saam met u?

... / HOF

HOF : Waar bedoel u?

MNR. BIZOS : By u? -- Saam met my? Nee.

Was daar 'n persoon met 'n stetoskoop? -- Daar was 'n opgeleide eerstehulp lid, 'n polisiebeampte. Of hy 'n stetoskoop gehad het, weet ek nie.

Was hy in uniform? -- Ja.

Dra u kennis van die feit dat ten minste 'n vrou wat uit die bus deur die venster gespring het haar been gebreek het? -- Ek weet daar was beserings.

Was haar enkel gebreek? -- Ek weet nie.

Het u probeer vasstel hoe sy op die bus gekom het? -- Ek het reeds gesê ek het nie self ondervraging gedoen nie.

Weet u hoe lank na die gebeurtenis sy na die dokter geneem is? -- Nee, ek weet nie.

Weet u of enige van die persone wat wonde gehad het as gevolg van die sambokhoue wat toegedien is na dokters geneem is? -- Ek weet nie. Dit was die ondersoekpersoneel se plig, sou daar beseerdes wees, om toe te sien dat hulle behandeling ontvang.

Weet u of kinders so jonk as 9 jaar oud wat aanverwant aan die oorledenes was gearresteer was in die busse? -- Nee, ek kan my nie herinner dat sulke klein kinders gearresteer was nie.

Dit was seer sekerlik nie die bedoeling om lede van die familie en kinders en ouerige mense daar te arresteer nie, was dit? -- Die bedoeling was om die mense in die busse as gevolg van die gedrag te arresteer. Ek het nie gemik na spesifieke persone nie.

En as ek aan u stel dat die meerderheid van die mense volwassenes was en nie jeugdiges nie, wat sal u sê? -- Dit was my skatting. As ek verkeerd is, ek kan verkeerd skat.

... / In

In verband met die ouderdomme wat u gegee het? -- Dit is moontlik, my skatting kan verkeerd wees.

Ek wil aan u stel dat die busse naby die begraafplaas gestop was? -- Nee, dit is nie korrek nie.

HOF : As u praat van naby, hoe ver is dit?

MNR. BIZOS : Ongeveer 'n kwart myl weg. -- Wat ek wel kan sê is, waar daardie grondpad aangesluit het by die teerpad, dit was daar, en my skatting is dat dit veel verder as slegs 'n kwart myl is.

Hoe ver sal u sê is dit? -- Ek het geskat twee kilometer.

HOF : Is dit 'n aansluiting wat binne-in Sebokeng lê? -- Dit is 'n aansluiting binne-in Evaton.

Sou dit sigbaar wees op hierdie lugfoto, AAR(1)? Kan u net daarna kyk? -- Ek probeer kyk waar die begraafplaas is, maar ek kan dit nie sien nie.

As hy nie daar is nie, dan laat ons dit maar daar.

MNR. BIZOS : Het u persoonlik na enige bus gegaan? -- Sover ek my kan herinner, nee. Ek was nie in 'n bus nie.

Sal u dit onthou het as u in 'n bus gegaan het? -- Ek glo so. Ek was hoofsaaklik buite om te kyk wat aangaan.

U eerste antwoord toe ek dit aan u gestel het of u binne-in 'n bus gegaan het of nie, wat was u antwoord? -- Ek het gesê sover ek kan onthou nie.

Beteken dit dat u miskien binne-in 'n bus gegaan het? -- Ek betwyfel dit baie sterk.

U sien, ek wil aan u stel dat die persoon wat ons gevra het om die hof te verlaat, mnr. Mabathoana sal sê dat u self die persoon was wat binne-in die eerste bus waarin hy was gekom het en dat u met hom gepraat het? -- Nee, ek het nie met hom gepraat nie.

Ekskuus, uself het met die bestuurder gepraat? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Het u 'n sambok in u besit gehad? -- Op die 15de, nee.

Kan u onthou of u met enige bestuurder gepraat het? -- Nee.

Is u in staat om te erken of te ontken dat u met 'n bestuurder gepraat het? -- Ek het nie met 'n bestuurder gepraat nie.

Kan u vir ons persentasies gee van hoeveel van die insittendes van die busse op die 15de vrouens was? -- Ek weet nie.

Ek wil dit aan u stel dat as daar wel optrede was na een of ander van die begrafnisse, dat die rede waarom mense opgetree het na die begrafnis, seer sekerlik was gevolg van die polisie-aksie was en wat by die begrafnis gesê was? -- Daar is feitlike getuienis dat waar geen polisiebeamptes teenwoordig was nie, mense aan die brand gesteek is tydens begrafnisse onmiddellik daarna.

In die Vaal? -- Nie in die Vaal Driehoek nie, elders en ek wil juis die feit dat die polisie opgetree het om moontlike wetteloosheid te voorkom daaraan wyt dat in die Vaal Driehoek geen mense na begrafnisse aan die brand gesteek is of vermoor is nie en dat groot probleme moontlik voorkom is.

Is enige persoon in die Vaal Driehoek beseer by enige begrafnis waar die polisie nie teenwoordig was nie? -- Ek weet nie of daar enige begrafnis van politieke aard was wat nie deur die polisie bygewoon is om te kyk dat dit ordelik en sonder aanrandings op ander mense sou plaasvind nie.

Wat sou dink as die mense van die persoon wat ons gevra het om die hof te verlaat, as hy en sy mense gearresteer was as gevolg van hulle bywoning van 'n familielid se begrafnis? -- Dit is moontlik.

Wat hulle van die polisie sou dink as gevolg van wat in

die bus plaasgevind het? -- Indien dit so, sou dit jammer wees. Die polisie is egter nie bewus van wie in die bus is nie. Hulle handel op die reaksies van die skare.

Ek wil dit aan u stel 'n verdere ongelukkige gebeurtenis wat die mense in die algemeen in die Vaal Driehoek teen die polisie gekant maak. U kan onthou dat die vergadering tussen die kerkleiers en die polisie en die raadslede plaasgevind het op 8 September? -- Ek kan onthou.

U het geweet dat die kerkleiers gesê het dat 'n algemene vergadering gehou sal word ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Het ons nie die deel al behandel nie?

MNR. BIZOS : Ja, maar ek het sekere verdere inligting.

HOF : Want ons het die getuienis dat die volgende dag die verslagvergadering uiteen gejaag is.

MNR. BIZOS : Ja, dit is so, maar ek het sekere verdere detail in die vergand.

HOF : Ja?

MNR. BIZOS : Het u geweet dat twee vergaderings gereël is? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Die een by die Anglikaanse Kerk te Sharpeville en die ander by die Rooms-Katolieke Kerk in Zone 12? -- Ek het nie geweet daarvan nie.

En dat gedurende die kerkdienste die oggend, die Sondagoggend op 9 September dat mense genooi was om na die vergaderings te kom sodat die kerkleiers aan die gemeenskap kon rapporteer wat die gesprek was en hoe die gesprek verder moes gaan? -- Ek het nie geweet nie.

Dra u enige kennis op watter stadium of hoe laat dit was toe die kennisgewing dat die vergadering by die Rooms-Katolieke Kerk verbied is teen die gebou geplak was? -- Nee, ek weet nie.

... / En

En as ek dit aan u stel dat dit na 12h00 gebeur het, is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Ek kan dit nie ontken nie.

Dit is op die 9de. Dra u enige kennis van die feit dat ene eerwaarde Lenkoe saam met eerwaarde Lennon, die priester wat 'n oomblik gelede die hof verlaat het, besluit het dat dit baie gevaarlik sou wees om mense wat die oggend gesê is daar sal 'n vergadering wees, net te sê "Gaan weg, daar sal geen vergadering van enige aard plaasvind nie"? -- Ek dra nie kennis daarvan nie.

Sal u saamstem dat as mense deur hulle priesters gesê is om na 'n vergadering te kom, dat hulle sal probeer om 'n ander vergadering te hou sodat die mense nie weggestuur is nie? -- Ek verstaan nie baie mooi die vraag nie.

Wel, dit is miskien my fout. Ek sal dit anders stel. Sal u saamstem as die priesters ooreengekom het om moelikheid te vermy, sal ons nie 'n vergadering - ek sal die Engels gebruik wat hulle gebruik het "a report back meeting" hou nie, maar ons sal net vra dat die mense wat daar kom moet net bid en weggaan? -- Dit is seker moontlik.

Sal u saamstem as daardie voorstel wel gemaak is, dat dit op 'n vreedsame manier 'n probleem sou oplos? -- Die feit is dat daar was nie vreedsame optrede nie.

Ek wil dit aan u stel dat toe u daarheen gekom het ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar is dit nou?

MNR. BIZOS : By die Rooms-Katolieke Kerk in Zone 12, die kerk vol was en daar mense buitekant was? -- Ek weet nie of daar mense binne-in die kerk was nie. Daar was 'n groot skare buite die kerk in die straat.

Dat toe u en u manne daar gekom het Lord McCamel een van

die priesters na u gekom het om met u te praat? -- Nadat ek die eerste waarskuwing gerig het dat die skare uiteen moes gaan, het Lord McCamel na my toe gekom.

Wat het hy gesê? -- Ek weet nie. Hy het gesê ons moet probeer die mense wegkry, as ek dit reg onthou en my antwoord aan hom was "Probeer dit, ek wil nie graag optree nie. As die mense in vrede kan uiteen gaan, dan sal ek baie bly wees."

Kan u onthou dat hy miskien aan u gesê het dat die aard van die vergadering wat gehou was, was nie die vergadering wat verbied was nie? -- Nee.

Het u miskien aan hom gesê dat u stel geen belang in enige verandering van die vergadering nie? -- Nee, hy het nie aan my gesê dat daar 'n verandering van vergadering is nie.

Het u vir hom gesê dat hulle het net vyf minute om van die kerk af weg te gaan? -- Nee, ek het niks van die kerk gepraat nie.

Kan u sê terwyl u daar gekom het of ene eerwaarde Lukas besig was om te bid? -- Ek weet nie. Daar was 'n groot lawaai onder die skare.

En daarna die mense binne-in die kerk gevra was om weg te gaan en hulle het begin weggaan? -- Nee, daar was nie 'n wegbeweeg van mense nie, nie in die rigting waar die skare was nie. Ek weet nie of die kerk 'n ander deur het wat ek nie kon sien nie.

Terwyl hulle besig was om weg te beweeg, het die polisie hulle begin uitjaag met sambokke en rubberkoeëls? -- Op daardie spesifieke toneel was nie sambokke gebruik nie en nadat eerwaarde Lord McCamel vir die tweede keer eers met my voertuig se luidspreker en toe uit die kerk of met die kerk se luidspreker met die mense gepraat het en hy na my toe teruggekom het en vir my gesê het hy kan die mense nie beheer nie, hulle

... / wil

wil nie luister nie, het ek weer in my voertuig teruggekom, my luidspreker geneem en ek was besig om te praat om weer 'n waarskuwing te gee, toe die klippe begin val het.

Ek wil dit aan u stel dat die klipgooiery plaasgevind het na die polisie begin het om die mense uitmekaar te jaag? -- Dit is nie korrek nie.

Alhoewel u gesê het dat u uself nie as 'n deskundige beskou in verband met die oorsaak van die onluste nie, het u nietemin u mening uitgespreek waarom die onluste plaasgevind het? -- Nee. Ek het die vorm van die onluste beskryf. Ek glo nie ek het 'n mening uitgespreek oor die oorsaak daarvan nie.

Het u probeer om 'n mening uit te spreek waarom dit voortgegaan het of nie?

HOF : Mnr. Bizos, u kan self oordeel of die getuie 'n mening uitgespreek het oor waarom dit voortgegaan het. Ons het getuienis of ons het nie getuienis nie. Of hy het probeer 'n mening uitspreek, maar dan het ek dit nie gehoor nie of het dit gehoor en dan het u dit ook gehoor.

MNR. BIZOS : Ek was nie hier nie. Ek moes dit miskien gelees het, maar in elk geval, beskou u u as 'n persoon wat 'n mening kan uitspreek waarom sekere onluste aangegaan het of nie? -- Nee, ek het nie ondersoek ingestel nie. Ek sal my nie waag daarop nie.

My Lord, I am going to ask Your Lordship for a ruling in the matter in relation to this witness. I submit that I am entitled to put to him the full findings of Professor Van der Walt whose commission's report has now become available. I do not know what My Learned Friend's attitude is going to be in regard to that.

COURT : I have no objection to you putting anything to the

... / witness

witness, but do not argue later on that he is not an expert when he gives answers to it, because then you are wasting your time putting to someone who is not an expert. I am not deciding that he is not an expert. I may well decide he is an expert. That is your risk.

MR BIZOS : I have difficulty with the evidence that I have read as to whether this witness has been tendered as an expert or not.

COURT : This witness expressed certain opinions on certain matters and it is for this Court to decide whether he has an adequate background to be able to give expert evidence on those matters that we will decide eventually. If you want to extend the scope of his opinions, you are welcome to do so. We will draw our conclusions from his answers.

MR BIZOS : But as to whether a person has been called in order to ... (Court intervenes)

COURT : It makes no difference whether a person is called for (a) and then gives an answer (b). The question is there is evidence on record. Is he qualified to give that evidence as an expert? No matter what he has been called for.

MR BIZOS : No, but he himself says that he is not an expert.

COURT : What his own opinion is, is to a certain extent relevant, but not conclusive.

MR BIZOS : I find myself in a quandary, with respect.

COURT : Not necessarily, you have the witness, you can put to him what you like.

MR BIZOS : No, but what I want is a ruling from Your Lordship as to whether this witness is an expert or not. If he is an expert ... (Court intervenes)

COURT : That I will rule when it becomes necessary at the end of the case. There was no objection at the time when his

evidence-in-chief was given. That evidence stands. I am not going to delete that evidence. There was no objection. I will determine the validity of that evidence, the weight of that evidence eventually. If you are going to put to him certain matters, it may well be that we find well he has not got the necessary expertise to talk about that or we may find that he has the expertise. I do not know what you want to put to him. I am not ruling in vacuo that he is an expert or not.

MR BIZOS : I would submit, with respect that once a witness himself says that he is not an expert ... (Court intervenes)

COURT : Well, you can take it from me that I am not bound by a witness's own opinion of what his own expertise is.

MR BIZOS : I accept that with respect. Very often, sometimes out of a sense of modesty some witnesses do not want to call themselves experts. I am mindful of that aspect. What I am concerned with is this, that whether an objection was taken in the beginning or not in a criminal case I submit it does not matter whether an objection is taken or the time when the objection is taken. If the State intends asking Your Lordship to rely on this witness as an expert ... (Court intervenes)

COURT : On what aspect?

MR BIZOS : On the opinions that he expressed in relation to the happenings of the events and the reasons therefore.

COURT : He expressed an opinion that certain things did not come about in an unorganised way, but that they were organised. That is what I understand his opinion to be. Now I understand your intention to take it much further and to bring in the whole of the Van der Walt report. Well, that is your right to do so. If you want to put the report to him, you can also call Professor Van der Walt eventually if you want to.

... / MR BIZOS

MR BIZOS : That I know, but the problem that I am concerned with is this, as to whether on the evidence that is up to now before the witness, as - before Your Lordship by the witness - to whether the State is going to rely on him as an expert witness in relation to COSAS or circumstances other than his own observations.

COURT : Whether the State does or does not rely on him, the evidence is before the Court. It is for the Court to draw its conclusion. It is for the Court to decide whether he has the necessary expertise to be able to express an opinion. That we will decide eventually after we have been addressed by both sides. I am not going to decide this now. Why should I? This is not the right time to do so.

MR BIZOS : Except, if it was intended to be led as expert evidence then our right to rebut it is extended. If it is not found to be expert evidence, then our right is limited.

COURT : Not necessarily, Mr Bizos. This witness expressed certain opinions. At this stage you are entitled to tackle him on those opinions. You can even go a bit further if you want to. That is your right, provided that it is in the scope of the case, but I cannot give a ruling at this stage on whether a man is an expert or not.

MR BIZOS : I was hoping to avoid the length, but if it is going to be contended that this person has any expertise, I will have to put to him certain passages which contradict his evidence. I ask for leave to hand in to Your Lordship the Report on the Investigation into Education for Blacks in the Vaal Triangle following up on the occurrences of 3 September 1984 and thereafter, by Professor Tjaart van der Walt, rector of the Potchefstroom University for Christian higher education.

... / COURT

COURT : This report will be AAQ(34).

MR BIZOS : My Lord, I am going to start off with chapter 3 page 27.

Brigadier, u het vir ons gesê dat u ongeveer drie maande daar gebly het. Ek sal die Kommissie se verslag aan u lees. Ek wil vir u vra of u enige kommentaar daarop te lewer het of nie. Kan ek dit in Engels lees en sal u dit volg in Engels? -- U is welkom.

Dan kan u kommentaar in Afrikaans lewer.

HOF : Die Afrikaanse teks staan dan net links van die Engelse teks. So, u kan die Afrikaanse teks volg.

MR BIZOS : My Lord, there are a couple of remarks in the first part of the report which I want in due course to draw Your Lordship's attention to. I am not excluding it in any way. The question of education and the stay-away from school was thought of as a somewhat different problem and the first part of the report deals with that. I just want to say without prejudging the matter, that some of it reads like the extractions that we had before the publication.

COURT : You will bear in mind when cross-examining this witness that he only came on the scene on the 2nd late at night and he has no knowledge unless he has heard that of what happened previously. You may waste three days on it, but in the end I will bear in mind that he only has knowledge of the area from actually the 3rd and then in riotous conditions.

MR BIZOS : In so far as the subsequent behaviour may be coloured by the happenings, then, of course, it may be as to whether he knew about it or not.

COURT : Well, it depends on whether he knows, but I would suggest that you do not waste time on facts of which this witness does not bear direct knowledge.

... / MNR. BIZOS

MNR. BIZOS : Wel, laat ons u net vra, enige mening wat u uitgespreek het is as gevolg van u waarnemings na die 2de? -- Ja.

HOF: Waar was u gestasioneer gewees voor die 2de? -- Ek was gestasioneer op Krugersdorp. Ek het vantevore in Suidwes reeds met onluste te doen gehad. Ek is daarna verplaas na Luipaardsvlei aan die Wes-Rand waar ek heelwat met mynonluste te doen gehad het. Ek was vir sewe en 'n half jaar in Soweto. Ek het die Soweto onluste van begin tot einde meegemaak. Daarna was ek terugverplaas na Krugersdorp en ek het voor hierdie Vaal Driehoek onluste weer eens 'n hele reeks mynonluste en stakings moes hanteer.

Nou wil ek u eintlik dit vra. Het u eerstehandse kennis van wat gebeur het en wat die omstandighede was in die Vaal Driehoek gebied waar die onluste uiteindelik plaasgevind het voor 2 September? -- Nee, ek het net inligting gehad, ek is nie volledig ingelig nie, dat daar huurverhogings aangekondig word en dat weens die aankondiging van die huurverhogings daar vermoed word of geglo word deur die afdeling van die polisie wat daarmee werk dat daar onluste sal ontstaan.

Verder het u nie kennis van die omstandighede in die gebied gehad nie? -- Nee, nie van die onlusomstandighede nie.

Nee, van die omstandighede voor die onluste? -- Ja, ek was dikwels daar.

Het u daar deurgery? -- Ek het daar deurgery. Die tyd voor die onluste het ek baiekeer daar deurgery. Dit was altyd kalm en rustig. Ek het voor die, kan ek my herinner deur die hele Wes-Rand gebied gewerk waar ons verskillende onwettige drankwinkels in Swartgebiede hanteer het, waar ons padblokkades in Swartgebiede gehou het met 'n algemene misdaadvoorkomingsoptrede. Ons het ook deur die hele Vaal Driehoek

... / se

se Swartgebiede gewerk en ekself het geen weerstand of teenstand ondervinding in die loop van daardie diensverrigting nie.

MNR. BIZOS : Ek wil vanaf bladsy 27 lees. "The second concentric circle of local conditions and local government is probably the area where the real problem is to be found. No school after all functions in a vacuum. Time and again I heard the refrain 'Solve the rent problem and our children would gladly return to school'." Het u enige kommentaar daarop te lewer? -- Die huurkwessie was by al die vergaderings wat ek bygewoon het ter sprake.

"Although there is a very strong feeling against the Municipality of Lekoa, it is advisable to view the matter in a broader context. Accordingly I first wish to say something about living conditions in general and then something about the role of the so-called rent increase. Only in the third place will I focus on the Lekoa Municipality and the Orange Vaal Development Co-operation." Het u enige kommentaar daarop te lewer?

HOF : Ek wonder as u nou die hele verslag vir hom gaan voorlees en hom paragraaf vir paragraaf vir kommentaar vra, kan u nie maar 'n stelling maak en hom vra of hy saamstem of nie saamstem nie? Dit is tog waar u agter is?

MNR. BIZOS : Kan ek dit so aan u stel. Sal u asseblief na die tweede laaste paragraaf op bladsy 27 kyk.

HOF : Dit is paragraaf 6, "Against this background."

MNR BIZOS : "Against this background the residents in the Vaal Triangle were all the more sensitive about the announcement of the tariff increase which in point of fact was simply the last straw." Sal u saamstem? Is u in staat om saam te stem? -- Dit is seker moontlik. Ek kan ook hier sê dat

... / daar

daar baie mense was in my omwandelinge en gesprekvoering met mense wat gesê het hulle sal die huur betaal. Ek weet nie of daar dus sonder meer veralgemeen kan word ten opsigte van die totale bevolking van daardie gebiede nie.

Ten opsigte daarvan het u u arms uitgestrek en gesê u weet nie? -- Ja, ek weet nie of daar sonder meer aanvaar kan word dat dit die hele gemeenskap se houding is nie.

Dan in die laaste paragraaf op bladsy 27 - ek wil nie die hele paragraaf lees nie, die slotsom van die professor is "The effect of all this was that although the average resident was paying more and more towards Municipal service levies he could not see any of it being ploughed back into the community." -- Ek weet nie of daar verbeterings was nie. Ek kan egter onthou dat in Gebied 14 in Sebokeng nuwe huise in aanbou was, 'n baie mooi plek en dat daar selfs toe die onluste uitgebreek het nog geboue aan die gang was. Ek kan nie sê wie verantwoordelik was vir die bou daarvan nie.

"Where the so-called rent increase is really the cause" dit is die opskrif op bladsy 28. "Time and again during the investigation one was told that the rent increases were the cause of the unrest. This is only partly true, in fact it has only been the final straw, the spark that caused the power cake to blow up." Wat sê u daarvan? -- Dit is so dat daar sekere ander griewe ook in 'n gemeenskap bestaan, maar my bietjie kennis van die rewolusionêre opset waarop ek my geensins as 'n kenner wil plaas nie ... (mnr. Bizos kom tussenbei)

Wel, as u nie 'n kenner is nie, wil ek u vra om nie 'n mening uit te spreek nie.

HOF : Mnr. Bizos, u is besig om die getuie dinge te vra wat gebeur het daar in die omgewing voordat hy op die toneel gekom het. Nou gee hy vir u 'n antwoord en dan sê u vir hom u

wil die antwoord nie hoor nie. Op die ou end mag ek nie eers belangstel in wat sy mening is oor wat gebeur het voordat hy op die toneel gekom het nie?

MR BIZOS : This is one of the reasons. If this witness is going to say - set himself up as some other expert tried in a parallel case as an expert on revolution, he must please qualify himself on that in order that I may ask him - I may argue to Your Lordship as to whether or not he can express an opinion.

HOF : U vra - as u nie gelukkig is met die antwoord op die vraag "the rent increase is the spark that caused the power cake to blow up" nie, kan u 'n antwoord kry wat u pas, dan sal u hom nie in die rede val nie. As u 'n antwoord kry wat u nie pas nie, val u hom in die rede. Hy verduidelik dat daar 'n rewolusionêre opset is. Dit het te doen met "the spark that caused the power cake to blow up." Dan moet u hom nie die vrae vra nie, wànt hy het hom nie voorgegee as 'n deskundige op hierdie punt nie, want hy was nie op die toneel nie, maar as u hom wil vrae vra oor hierdie aspekte waar hy nie op die toneel was nie, gaan ek sy antwoorde toelaat.

MR BIZOS : That is something different.

HOF : Wel, ek wil eers die antwoord hoor. Wat is u antwoord? -- My kennis wat ek het, sê vir my dat ontevredenheid oral waar rewolusies nog ooit ontstaan het, uitgebuit word deur die rewolusionêres om ontevredenheid aan te stig.

MR. BIZOS : Wat ek u gevra het, is dit "Time and again during the investigation one was told that the rent increases were the cause of the unrest." Was dit u ondervinding terwyl u daar was, dat dit is wat mense gesê het of nie? -- Dit is wat gesê is.

... / Het

Het hulle gesê dat die finale of die laaste strooi was? -- Nee.

Het hulle nie so gesê nie? -- Nee.

Dra u enige kennis van wat die Kommissie sê op bladsy 29 die tweede paragraaf "At the same time I cannot escape the impression that the whole matter of increases was handled rather hastily, unwisely, clumsily and insensitively. Since the Lekoa Municipality does not have enough competent officials it is largely dependent on the assistance of the Vaal - Orange Vaal Development Board. Apparently these officials were not able to submit a draft budget for the new financial year until a very late stage. I very much doubt whether the Municipality actually realised the implications of the budget." Is u in staat om op die feite daarin enige kommentaar te lewer? -- Glad nie. Ek dra geen kennis van die vermoëns van daardie werknemers nie.

Dan "The Lekoa Municipality. No resident I spoke to had a good word for the Lekoa Municipality." Was u ondervinding dieselfde terwyl u daar was? -- Nee, nie dieselfde nie. Daar was tog mense wat gelukkig geleef het en wat nie oor die Raad gekla het nie.

Die gedeelte van belang "No resident had a good word for the Lekoa Municipality." Het u ooit gehoor dat iemand ontevrede was met die administrasie van die Lekoa Stadsraad? -- Ek sê weer daar is mense wat tevrede was.

Met die administrasie van die Lekoa Stadsraad? -- Ja.

K211 Op bladsy 31 "Time and again when people complained about the quality of councillors are asked 'Did you vote in the elections and also why did you not make yourself available as a candidate' and these people sometimes hang their heads in spite of the rejoinder that they were not prepared to be

... / straw

straw dolls. That they, if they had to represent their people, should have the power to act and really do something." Met u teenwoordigheid daar, het u tot die slotsom gekom dat die raadslede soos poppe beskou word? -- Dit was onder andere ook gesê. Ja, ek weet daarvan, maar weer eens kon ons weer nie sê die gemeenskap, al die inwoners nie.

Op bladsy 32, het u gehoor "As regards alleged mal-practices and even corruption in the Vaal Triangle there are indeed serious problems from the lower level. Example many which clearly show that for example their electricity meters are not read by the responsible officials but that our estimate is merely made to the highest with incredibly many allegations of bribary which in many cases is said to run in four figures at the time." -- Ek weet daar was sake ondersoek, maar ek weet nie waaroor die bewerings gegaan het nie.

Was dit nie die houding van die mense met wie u gepraat het nie? -- Ook nie in die algemeen nie.

Dan die tweede paragraaf "Of course, all this is not improved by the numerous allegations that sometimes ruthless action is taken by for example locking the doors of the house of someone which is in arrears with his rent or by removing a door or all the furniture without prior warning. On the other hand it is also clear that some councillors tried to avoid their voters because they do not see their way clear or are unable to answer questions." Was dit u ondervinding daar? -- Nee, ek het nie sulke klagtes ontvang

HOF: Weet u hoe lank het hierdie kommissie gesit? -- Ek weet nie. Ek het nie 'n idee nie.

MNR. BIZOS : Dit is gesê. Amper 140 getuies is gehoor en die Hof het vyf maande gesit. "All this has created a climate in which rumours can be spread freely, many of which came

... / by

by such as that the Lekoa residents' money was being used for the development of Kwa-Kwa or to finance loans to councillors. I was told this even by cultured and influencial Blacks. One told me that he had seen a notice-board in Kwa-Kwa with his own eyes which stated that this development was made possible by the Orange Vaal Development Board. Apparently the said board had done some work in Kwa-Kwa on a contract basis. Therefore for remuneration but the residents in the Vaal Triangle were never told this." Is u bewus van sulke bewerings of gerugte? -- Wat ek wel gehoor het, is dat die raadslede hulleself verryk, maar ek weet nie, ek het nie die geval van Kwa-Kwa gehoor nie.

"Competent authorities will no doubt investigate these and other rumours thoroughly. The fact remains, however, that these rumours are abroad and there are indignant residents who want to know, if the authorities have all that money to invest or to lend, why must we pay a higher rent and the increased service levies and if they want to spend money, why not in our own township so that we can see more development here. Why are some of the new houses offered for sale so badly finished? No plaster, no floors, no roofs? Is it that we really do not want to encourage home ownership." Is dit iets wat u teëgekom het? -- Nee.

"White officials are blamed for being aware of these malpractices without doing anything about them, worse still, allowing Black councillors to enrich themselves at the expense of the community so that they will also become winning stooges of the government in keeping their own people in a position of inferiority." Het u gehoor dat die Blanke-amptenare verantwoordelik beskou word vir daardie toestand? -- Nee, ek het wel gehoor dat baie mense sê dat die regering weer soos

... / van

van ouds moes wees waar hulle by die dorpsbestuurder kan aandoen, die Blanke en dat hy dan die finale sê het, of sou hê.

"Whether the present town council can exercise a positive influence under these circumstances is to me an open question. The mere fact that some of them, in a manner of speaking, have to be kept behind barbed wire in the interests of their ownssafety and the alarming phenomenon of arson also spread to (?) Zebediela when the present mayor was re-elected, where a shop belonging to his brother-in-law and one belonging to another of his relatives were burnt down, underlines the gravity of the question." Die feite wat daarin uiteengesit is, is dit tot u kennis? -- Ek sou nie dieselfde oordeel hê nie.

HOF : Wat sê u? -- Ek weet nie of ek iets vooruit gaan loop nie, maar volgens my inligting was dit gesê dat die rewolusie wat in die Vaal Driehoek ontstaan het moet brandend gehou word en moet van daar uit landswyd versprei.

MNR. BIZOS : Wie het dit gesê? -- Dit was inligting wat aan my oorgedra was.

Geheime inligting? -- Ja.

Deur beriggewers? -- Nie deur beriggewers nie.

